Sondag **11 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 9:1-12**

**Fokusgedeelte: Johannes 9:6-7**

**As Gestuurde, stuur Jesus die blinde man na die bad van Siloam**

Wanneer ons ’n blind-gestremde persoon sien bedel, reageer ons baie kere net soos die dissipels. Vanweë watter sonde is hierdie persoon blind? Wie se skuld is dit? Is dit iets wat sy ouers gedoen het? Of is dit iets wat die persoon self gedoen het? Sou hierdie persoon sélf aandadig wees aan sy gebrek, is daar maar min simpatie. Inteendeel, dit is dan sy verdiende loon.

Tree ons só op, is dit maklik om by die genade en Middelaarswerk van ons Here verby te kyk. Dan staar ons ook onsself blind teen die probleem dat ons dink dat sonde altyd die oorsaak van alle ellende en alle swaarkry is. Soos ons gelees het, was dit nie sy of sy ouers se sondeskuld wat sy blindheid veroorsaak het nie. Hy is blind gebore *sódat die dade van God in hom geopenbaar kan word*. En dit wat God aan ons openbaar, moet ons doen terwyl dit nog dag is – terwyl sy Lig nog skyn. Dag teenoor nag, lig teenoor duisternis, om te sien teenoor om blind te wees.

Soms moet ons toelaat dat spoeg-en-modder-medisyne aan ons dowwe en blinde oë gesmeer word, sodat ons weer helder te kan sien. Wanneer Christus, as jou en my “Siloam”, ons stuur, leef ons as skoongewaste mense ’n nuwe lewe. As verlostes kan ons nou reeds uitsien en sing: “Oorwinnaars sal ons alles erf en drink uit die fontein van lewenswater, heerlik, rein! En God sal oor ons skyn.”

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 5*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)*